# Hoofstuk van die dag: Romeine 2

> *Nee, hy is ’n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie. So iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God. (2:29)*

Paulus se groot stryd in die vroeë kerk was die verstaan van die besnydenis. Dié met ’n Joodse agtergrond het die besnydenis beskou as die waarborg van verlossing, en daarsonder kon jy nie aan God se volk behoort nie. Dié siening was vir Paulus onhoudbaar, want toegang tot die koninkryk het nie via besnydenis gekom nie, maar via Christus. Net geloof in Hom, en niks anders nie.
Vir ons vandag is dit eintlik nie meer ’n kwessie nie. Ons weet dit en bely dit. En tog is die versoeking steeds daar om ander dinge by te voeg by Christus se offer. Jy móét groot gedoop word. Jy móét aan my kerk behoort. Jy móét die Bybel verstaan soos ek dit verstaan …
Op dié manier maak ons óns verstaan van God en die Bybel die voorvereiste vir ware Christenskap, en veroordeel ons mense wat nie soos ons dink nie. Daarmee sny ons by voorbaat enige moontlikheid uit dat verskille in standpunt oorbrug kan word. Maar só veroordeel ons eintlik onsself (vers 1).


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026